

Openbaring
Hoofstuk 20

Hierdie hoofstuk handel oor die letterlike duisend jaar van vrede wat op aarde gaan wees asook die groot wittroon oordeel.

In die teologiese wêreld is daar twee standpunte oor die “duisendjarige regering van Christus”. Hulle word genoem “Chiliasme” en “antichiliasme”. Die woord chiliasme kom van die Griekse woord “Chilioi” wat duisend beteken. Dus beteken chiliasme “Die tydperk van duisend jaar”.

Wat glo Chiliaste?

- a) Chiliasme leer dat daar 'n letterlike duisendjarige vrederyk op aarde sal kom waarin Jesus self as Koning oor die wêreld sal regeer.
- b) Die duisendjarige vrederyk sal eers na die wederkoms van Jesus aanbreek, m.a.w. dit lê nog in die toekoms.
- c) Daar sal 'n opstanding van regverdiges voor die duisendjarige vrederyk plaasvind en 'n opstanding van goddeloses na die vrederyk.
- d) Bybelse profesieë moet letterlik versaan en vertolk word. Chiliaste maak van die "grammaties-historiese" skrifverklaringsmetode gebruik.

Wat glo antichiliasste?

- a) Hulle leer dat die duisendjarige regering van Jesus nie letterlik verstaan moet word nie maar dit simbolies of geestelik vertolk word. Dit is dus nie 'n letterlike regering van Jesus op aarde nie maar 'n regering in die hemele waar Jesus nou is. Die getal duisend moet ook nie letterlik opgeneem word nie. Duisend is 'n volmaakte getal, daarom kan die regeringstydperk van Jesus enige volmaakte tyd aandui.
- b) Hulle leer verder dat die vrederyk alreeds met die kuisiging van die Here Jesus begin het waar Hy toe die duiwel oorwin en ook gebind het. Hierdie vrederyk duur volgens hulle nou al twee duisend jaar voort. Ons leef, volgens hulle, dus nou in die vrederyk en die wederkoms van Jesus sal eers na die vrederyk plaasvind.
- c) Hulle glo nie dat daar verskillende opstandings van die dode sal wees nie, maar een gelyktydige, algemene opstanding van die regverdiges en goddeloses na die vrederyk.
- d) Antichiliasme glo dat Bybelse profesieë nie letterlik verklaar moet word nie. Dit moet eerder vergeestelik word deurdat 'n geestelike of simboliese boodskap daarin gelees word. Hulle maak dus van die allegoriese skrifverklaringsmetode gebruik.
- e) Antichiliasme word ook die vervangingsteologie genoem omdat baie van die begrippe in die Bybel deur vergeesteliking van hulle oorspronklike betekenis gestroop en dan met 'n ander begrip of betekenis vervang word. So maak hulle dan van...
 - e1) Die volk Israel word die kerk.
 - e2) Die 144 000 Joodse evangeliste van die verdrukking word die miljoene Christene van alle tye.
 - e3) Die toekomstige duisendjarige vrederyk word die huidige kerkdispensie van tweeduisend jaar of langer (van die kruisiging af)

● **Opn. 20:1** En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. **Opn. 20:2** En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, **Opn. 20:3** en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.

→ Hierdie engel het die sleutel om hierdie bese plek oop en toe te maak. "Die afgrond" verwys na 'n plek van aanhouding. Die griekse woord "ABYSS" verwys na die onderwêreld, die plek waar sommige demone en bese geeste gevange gehou word.

- A) **LUK. 8:30-31** DAAROP VRA JESUS HOM EN SÊ: WAT IS JOU NAAM? EN HY ANTWOORD: LEGIO—WANT BAIE DUIWELS HET IN HOM INGEVAAR. EN HULLE HET HOM GESMEEK DAT HY HULLE NIE SOU BEVEEL OM IN DIE ONDERWÊRELD AF TE VAAR NIE.
- B) **2PET. 2:4** WANT AS GOD DIE ENGELE WAT GESONDIG HET, NIE GESPAAR HET NIE, MAAR HULLE IN DIE HEL GEWERP EN AAN KETTINGS VAN DUISTERNIS OORGEGEE HET, OM VIR DIE OORDEEL IN BEWARING GEHOU TE WORD.
- C) **JUD. 1:6** EN DIE ENGELE WAT HUL EIE BEGINSSEL NIE BEWAAR HET NIE, MAAR HUL EIE WONING VERLAAT HET, HET HY VIR DIE OORDEEL VAN DIE GROOT DAG MET EWIGE BOEIE ONDER DIE DUISTERNIS BEWAAR.

→ Die ketting is 'n groot ketting, vanweë die Satan se groot mag wat hy gehad het as die hoogste geskape wese. **ESG. 28:14** JY WAS 'N GÉRUB MET UITGESPREIDE VLERKE WAT BESKUT, EN EK HET JOU GESTEL OP 'N HEILIGE BERG; 'N GOD WAS JY; JY HET GEWANDEL TUSSEN VURIGE GESTEENTES.

→ Die satan is nie nou gebind nie, hy loop vry rond. Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy die dood oorwin, die dood wat 'n uitvloeisel van die sondeval is. Maar op die oomblik loop satan vry rond en hy het ook mag, maar soos ons hier kan sien, is die satan geen mag as dit by God kom nie. Hierdie engel kom in die mag van God en gryp die duiwel en bind hom.

- A) **1PET. 5:8** WEES NUGTER EN WAAKSAAM, WANT JULLE TEËSTANDER, DIE DUIWEL, LOOP ROND SOOS 'N BRULLENDE LEEU, EN SOEK WIE HY KAN VERSLIND.
- B) **OPN. 13:4** EN HULLE HET DIE DRAAK AANBID WAT DIE DIER MAG GEGEE HET, EN DIE DIER AANBID EN GESÊ: WIE IS AAN DIE DIER GELYK? WIE KAN TEEN HOM OORLOG VOER?

→ In hierdie tyd wat satan gebind gaan wees, sal daar geen bese meer in die wêreld wees nie. Geen versoekings of misleiding van die duiwel af nie.

→ In hierdie tyd sal daar vrede onder die nasies wees, daar sal vrede in die natuur wees en ook vrede in die diereryk:

- A) **MIG. 4:3** EN HY SAL OORDEEL TUSSEN BAIE VOLKE EN REGSPREEK VIR MAGTIGE NASIES TOT IN DIE VERTE; EN HULLE SAL VAN HUL SWAARDE PIKKE SMEE EN VAN HUL SPIESE SNOEIMESSE; NIE MEER SAL NASIE TEEN NASIE DIE SWAARD OPHEF NIE, EN HULLE SAL NIE MEER LEER OM OORLOG TE VOER NIE.
- B) **ESG. 34:26** EN EK SAL HULLE EN DIE PLEKKE RONDON MY HEUWEL TOT 'N SEËN MAAK EN DIE STORTREËN LAAT VAL OP SY TYD; STORTREËNS VAN SEËN SAL DIT WEES. **ESG. 34:27** EN DIE BOME VAN DIE VELD SAL HULLE VRUGTE GEE, EN DIE LAND SAL SY OPBRINGS GEE, EN HULLE SAL VEILIG WEES IN HUL LAND; EN HULLE SAL WEET DAT EK DIE HERE IS AS EK HULLE JUKSKEIE STUKKEND BREEK EN HULLE RED UIT DIE HAND VAN DIE WAT HULLE DIENSBAAAR GEMAAK HET.
- C) **JES. 11:6** DAN WEI DIE WOLF BY DIE LAM, EN DIE LUIPERD GAAN LÊ BY DIE BOKKIE, EN DIE KALF EN DIE JONG LEEU EN DIE VETGEMAAKTE VEE BYMEKAAR, EN 'N KLEIN SEUNTJIE SAL HULLE AANJA. **JES. 11:7** DIE KOEI EN DIE BERIN WEI, EN HULLE KLEINTJIES LÊ BYMEKAAR; EN DIE LEEU EET STROOI SOOS DIE OS; **JES. 11:8** EN DIE SUIGLING SPEEL BY DIE GAT VAN 'N ADDER, EN DIE GESPEENDE KIND STEEK SY HAND UIT NA DIE KUIL VAN 'N BASILISK. **JES. 11:9** HULLE SAL GEEN KWAAD DOEN OF VERDERF AANRIG OP MY HELE HEILIGE BERG NIE; WANT DIE AARDE SAL VOL WEES VAN DIE KENNIS VAN DIE HERE SOOS DIE WATERS DIE SEEBODEM OORDEK.
- D) **ROM. 8:22** WANT ONS WEET DAT DIE HELE SKEPPING TESAME SUG EN TESAME IN BARENSNOOD IS TOT NOU TOE.

● **Opn. 20:4** En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.

→ Daar is heelwat Ou-Testamentiese profesieë oor die Koninkryk van Christus.

a) **DAN. 2:34** U HET GEKYK TOTDAT DAAR SONDER TOEDOEN VAN MENSEHANDE 'N KLIP LOSRAAK WAT DIE BEELD GETREF HET AAN SY VOETE VAN YSTER EN VAN KLEI EN DIT FYNGESTAMP HET. **DAN. 2:35** TOE IS TEGELYKERTYD DIE YSTER, DIE KLEI, DIE KOPER, DIE SILWER EN DIE GOUD FYNGESTAMP, EN DIT HET SOOS KAF GEWORD VAN DIE DORSVLOERE IN DIE SOMER, WAT DIE WIND WEGNEEM, SODAT DAAR GEEN SPOOR VAN GEVIND IS NIE; MAAR DIE KLIP WAT DIE BEELD GETREF HET, HET 'N GROOT ROTS GEWORD WAT DIE HELE AARDE GEVUL HET.

a1) Kop van goud (Babiloniese ryk) 606 C

a2) Bors v silwer (Med & Perse) 538 vC

a3) Heupe van Brons (Grieke) 331 vC

a4) Bene van Yster (Romeine) 63vC – 483nC

a5) Tone v Yster en Klei (Antichris)

b) **DAN. 2:44** MAAR IN DIE DAE VAN DIÉ KONINGS SAL DIE GOD VAN DIE HEMEL 'N KONINKRYK VERWEK WAT IN EWIGHEID NIE VERNIETIG SAL WORD NIE, EN DIE HEERSKAPPY DAARVAN SAL AAN GEEN ANDER VOLK OORGELAAT WORD NIE; DIT SAL AL DAARDIE KONINKRYKE VERBRYSEL EN DAAR 'N EINDE AAN MAAK, MAAR SELF SAL DIT VIR EWIG BESTAAN— **DAN. 2:45** NET SOOS U GESIEN HET DAT SONDER TOEDOEN VAN MENSEHANDE 'N KLIP VAN DIE BERG AF LOSGERAAK HET WAT DIE YSTER, DIE KOPER, DIE KLEI, DIE SILWER EN DIE GOUD VERBRYSEL HET. DIE GROTE GOD HET AAN DIE KONING BEKEND GEMAAK WAT HIERNA SAL GEBEUR; EN DIE DROOM IS WAAR EN SY UITLEGGING BETROUBAAR. Al die Koninkryke was fisiese koninkryke, hoekom sal die Koninkryk van Christus net 'n geestelike Koninkryk wees?

→ Daar sal drie groepe mense wees in die vrederyk:

a) Die bruid van Christus. **OPN. 1:5** EN VAN JESUS CHRISTUS, DIE GETROUE GETUIE, DIE EERSGEBORENE UIT DIE DODE EN DIE OWERSTE OOR DIE KONINGS VAN DIE AARDE! AAN HOM WAT ONS LIEFGEHAD HET EN ONS VAN ONS SONDES GEWAS HET IN SY BLOED **OPN. 1:6** EN ONS GEMAAK HET KONINGS EN PRIESTERS VIR SY GOD EN VADER, AAN HOM DIE HEERLIKHEID EN DIE KRAG TOT IN ALLE EWIGHEID! **AMEN.** Die bruid van Christus gaan met verheerlikte liggaame saam met Hom op aarde regeer.

b) Al die geredde Jode. Dit sluit in Ou Testamentiese heiliges en hulle wat in die Groot verdrukking hul Messias herken het en tot bekering gekom het. **ROM. 11:25** WANT EK WIL NIE HÊ, BROEDERS, DAT JULLE HIERDIE VERBORGENHEID NIE MOET WEET NIE, SODAT JULLE NIE EIEWYS MAG WEES NIE: DAT DIE VERHARDING TEN DELE OOR ISRAEL GEKOM HET TOTDAT DIE VOLHEID VAN DIE HEIDENE INGEGAAN HET; **ROM. 11:26** EN SO SAL DIE HELE ISRAEL GERED WORD, SOOS GESKRYWE IS: DIE VERLOSSER SAL UIT SION KOM EN SAL DIE GODDELOOSHEDE VAN JAKOB AFWEND; **ROM. 11:27** EN DIT IS VAN MY KANT DIE VERBOND MET HULLE AS EK HULLE SONDES WEGNEEM.

c) Die oorblyfsel van die nasies. Hulle wat tydens die groot verdrukking nie die dier en sy beeld aanbid het nie en nie sy merk ontvang het nie. Hulle wat Christus tydens die groot verdrukking ontmoet het as hul Saligmaker. **SAG. 14:16** EN ALMAL WAT OORBLY UIT AL DIE NASIES WAT TEEN JERUSALEM AANGEKOM HET, SAL JAAR NA JAAR OPTREK OM TE AANBID VOOR DIE KONING, DIE HERE VAN DIE LEËRSKARE, EN OM DIE HUTTEFEES TE VIER. Hierdie mense sal in hul natuurlike liggame die vrederyk ingaan. Hulle sal trou en voortplant. Hulle sal die aarde bewoon. Hulle sal die Koning van die Konings dien en aanbid (Jesus). Hulle sal weer baie oud word soos dit was in die dae van Noag.

● **Opn. 20:5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Opn. 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.**

→ Die ander dode wat hier van melding gemaak word is die ongeredde mense, hulle sal steeds in die doderyk wees tot die groot wittroon oordeel (Opn. 20:11-15).

→ Die tweede dood is 'n verwysing na die oordeel, waar mense in die hel gewerp gaan word vir ewig. Dood beteken skeiding, hierdie mense sal van mens en God geskei wees in die hel.

→ Die mense wat gered word deur Jesus sal nooit die tweede dood sien nie.

● **Opn. 20:7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; Opn. 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. Opn. 20:9 En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. Opn. 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.**

→ Ons moet onthou dat voortplanting nog steeds gaan plaasvind gedurende die Vrederyk want hulle wat die groot verdrukking oorleef het gaan nog hulle verganklike liggame besit, want hulle het nog nie gesterf nie.

→ Die gelowiges op die troon het reeds onverganklikheid verkry en leef nou in hulle verheerlikte liggame wat nie aan tyd en plek gebind is nie. Hulle kan ook nie voortplant nie, maar die met die nog sterflike liggame kan nóg voortplant.

→ Die kinders wat gebore sal word word nog met die sondige natuur gebore word, hulle het m.a.w. nog die ou sondige natuur en gewoontes waarmee hulle rekening moet hou. Daarom moet hulle ook nog weergebore word, al leef hulle in die Vrederyk. Elke generasie in die Vrederyk gaan nog sondaars voortbring. Baie gaan die reddende genade van Christus aanneem, maar verbasend gaan daar baie wees wat nog steeds Christus gaan verwerp. Ja, ten spyte van die feit dat Christus alleen gaan regeer, ten spyte van 'n absolute skoon morele samelewing gaan baie nog die sonde liefhê en dien. Die Satan gaan al die rebelle wat nie tot geloof in God gekom het nie, dwars oor die wêreld, uit al die nasies bymekaarmaak waarin hulle ware karakter geopenbaar sal word as God-haters.

→ Die kinders van God gaan in Jerusalem Jesus rondom die troon aanbid wanneer hierdie geveg gaan plaasvind. Hierdie gaan nie 'n oorlog wees nie, maar 'n teregstelling. Net as die rebellemag inbeweeg vir die slag gebeur daar iets. Vuur val uit die hemel en verteer die hele mag in 'n oomblik! Die Satan word in die poel van vuur gewerp waar die antichris en die valse profeet al vir 'n 1000 jaar pyn en lyding verduur om so saam met hulle gepynig te word tot in alle ewigheid!

→ Die woorde in V8 "die vier hoeke van die aarde" is 'n uitdrukking wat na die vier rigtings van die kompas verwys n.l. Noord, Suid, Oos en Wes. M.a.w. die rebelle sal van reg oor die aarde deur die Satan verlei word om na Jerusalem te kom om te veg teen Christus en Sy kinders.

→ Johannes gee die vyand simboliese name van "Gog en Magog" en noem hulle na die name van die invalsmag wat Israel binnegeval het gedurende die groot verdrukking volgens Esegïël 38 en 39.

→ Daar is baie wat glo dat Eseg. 38 en 39 hierdie oorlog beskryf aan die einde van die Vrederyk of Millenium. Maar daar is merkbare verskille tussen hierdie twee oorloë wat hulle nie dieselfde slag kan laat wees nie.

- a) Esg. 39:4 en 17 beskryf dat die invallers op die berge van Israel sal vergaan, maar volgens Opn. 20:9 gaan die invalsmag rondom Jerusalem vergader om daar vernietig te word.
- b) Hierdie profetiese woord gaan volgens Johannes tydens die groot verdrukking plaasvind. **OPN. 19:17 EN EK HET EEN ENGEL SIEN STAAN IN DIE SON; EN HY HET MET 'N GROOT STEM UITGEROEP EN VIR AL DIE VOËLS GESÊ WAT IN DIE MIDDEL VAN DIE LUG Vlieg: KOM HIERHEEN EN VERSAMEL JULLE TOT DIE MAALTYD VAN DIE GROTE GOD, OPN. 19:18 DAT JULLE KAN EET DIE VLEES VAN KONINGS EN DIE VLEES VAN OWERSTES OOR DUISEND EN DIE VLEES VAN STERKES EN DIE VLEES VAN PERDE EN VAN DIE WAT DAAROP SIT, EN DIE VLEES VAN ALMAL, VRYMENSE SOWEL AS SLAWE, KLEIN SOWEL AS GROOT.**
- c) Die gebeure van Esg. 38 en 39 pas in by die gebeure volgens die kronologie voor die Millenium.
- d) Die benaming van Gog en Magog kan dalk 'n verwysing wees na die verskriklikheid van die gebeure wat voor die Vrederyk afgespeel het. Die naam Gog word in die algemeen in die Bybel ook gebruik om die vyand van God se volk en kinders uit te wys.

ESEG 38, 38	OPENB 20:8
Kom uit die Noorde	Kom uit vier windrigtings
Net sekere nasies	Uit al die nasies
Satan nie genoem	Satan is leier
Begrafnis ~ 7 maande	Geen begrafnis nodig, vuur verteer hulle
Om Israel na God terug te bring	Om Satan te veroordeel na die Hel

● **Opn. 20:11** En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. **Opn. 20:12** En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. **Opn. 20:13** En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. **Opn. 20:14** En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. **Opn. 20:15** En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

→ 'n Groot wit troon. Die openbaring van hierdie troon is helder, onbuigsaam en ernstig. Al drie hierdie woorde is beskrywend om vir u en my die betekenis van God se hofsaal duidelik deur te gee!

→ Groot (MEGA) verklaar die mag en die krag van hierdie oordeel.

- a) Dit troon (styg) bo elke ander hofsaal in die wêreld uit.
- b) Jesus het verklaar dat aan HOM alle mag in die hemel en op die aarde gegee is.
- c) Hy het ook verklaar dat die hele oordeel aan Hom oorgegee is.
- d) Die jurisdiksie van hierdie hofsaal is die heelal.
- e) Die Regter is die skepper van die heelal.
- f) Hierdie hof het die mag om elke besluit van elke hof op aarde in die geskiedenis nietig te verklaar.

- g) Hierdie hof se uitspraak is finaal.
- h) Die vonnis kan nie omgedraai word nie.
- i) Dis hoekom hierdie hofsaal in die eerste plek groot is...

→ Wit praat van die reinheid en heiligheid.

- a) Dis 'n hof van algehele heiligheid.
- b) Volmaakte regspraak sal gelewer word.
- c) Niks sal bygelieg word om 'n saak te verbeter of te versleg nie.
- d) Geen ongeregtigheid sal in hierdie hofsaal aangetref word nie.
- e) Geen partydigheid of kantkiesery nie.
- f) Elke sondige daad wat gepleeg is sal voorgehou word soos dit regtig was.
- g) Die geheime van mense se harte sal geopenbaar word.
- h) Niks sal oordryf word nie om dit groter te maak as wat dit was nie.
- i) Die vonnis sal 100% regverdig wees

→ Troon verklaar die doel.

- a) Dit is 'n regterstoel.
- b) 'n Plek waar uitspraak gelewer word.
- c) 'n Plek waar vonnis opgelê word.
- d) **Ps. 7:12 GOD IS 'N REGVERDIGE REGTER, EN 'N GOD WAT ELKE DAG TOORNIG IS.**
- e) As 'n mens hom nie na die Here bekeer nie, sal hy met die regverdige Regter ontmoet in die finale oordeel.
- f) **Ps. 11:4 DIE HERE IS IN SY HEILIGE PALEIS; DIE TROON VAN DIE HERE IS IN DIE HEMEL; SY OË SIEN, SY OOGLEDE TOETS DIE MENSEKINDERS. PSA 11:5 DIE HERE TOETS DIE REGVERDIGE; MAAR SY SIEL HAAT DIE GODDELOSE EN DIE WAT GEWELD LIEFHET. Ps. 11:6 HY SAL OP DIE GODDELOSE VANGNETTE, VUUR EN SWAWEL LAAT REËN; EN 'N GLOEIENDE WIND SAL DIE DEEL VAN HULLE BEKER WEES. Ps. 11:7 WANT DIE HERE IS REGVERDIG; HY HET GERECHTIGHEDE LIEF; DIE OPREGTES SAL SY AANGESIG SIEN.**

→ Hierdie Regter is niemand anders as ons Here Jesus Christus nie. **JOH. 5:22 WANT DIE VADER OORDEEL OOK NIEMAND NIE, MAAR HET DIE HELE OORDEEL AAN DIE SEUN GEGEE, JOH. 5:23 SODAT ALMAL DIE SEUN KAN EER NET SOOS HULLE DIE VADER EER. WIE DIE SEUN NIE EER NIE, EER NIE DIE VADER WAT HOM GESTUUR HET NIE.**

→ Die dode is alle ongeredde mense wat ooit met hul twee voete op hierdie aarde geloop het. **JOH. 5:28 MOENIE JULLE HIEROOR VERWONDER NIE. WANT DAAR KOM 'N UUR WANNEER ALMAL WAT IN DIE GRAFTE IS, SY STEM SAL HOOR JOH. 5:29 EN SAL UITGAAN, DIE WAT GOED GEDOEN HET, TOT DIE OPSTANDING VAN DIE LEWE, EN DIE WAT KWAAD GEDOEN HET, TOT DIE OPSTANDING VAN DIE VEROORDELING.**

→ Die boek van die lewe kan beskryf word as die lidmaatregister van die ware Kerk van Christus.